KAAPSE BOERPERDTELERS EN SABAU NUUS

Posbus 55
Cookhouse
5820
ezelle@capeboerperd.co.za

Januarie 2012

Mag 2012 vir al ons lede voorspoedig wees. Vreuge en vrede vir almal.

Hingste:
Alle hingste moet teen einde FGebruarie op die DNA databasis wees. If you have not done your stallions DNA—now is the time. Please send the hair samples immediately. Die samesprekings oor CEM is nog aan die gang. Ek sluit die brief in wat ons nou vir die registrateur gestuur het asook 'n brief wat ons van SA Stamboek ontvang het. We will keep you posted about this matter.

Indien u 'n hings se semen wil tap moet sodanige hings as semen skenker geregistreer word. Die nodige vorm is op die website asook vanaf die kantoor beskikbaar.
Embrio-prosedures (stap-vir-stap) Merrie & Hings moet geregistreer wees & DNA van vul moet gedoen word om ouerskap te bevestig.

1. Voltooi AANSOEK VIR EMBRIO OORDRAG – dien in by die Genootskap voordat enige ander stappe geneem word.
2. Die merrie word nou as 'n Embrio-skenker gemerk en kan Embrio geboortes aanvaar word.
3. Sodra bevestiging van Genootskap ontvang is, kan u voortgaan en die merrie spoel.
4. Doen dan oorplanting.
5. Voltooi Skedule-O dok + Veearts teken dokumente en bevestig later dragtigheid.
6. Afdeling A & B & C moet volledig voltooi word en by die Genootskap ingedien word. (In Afr en Eng beskikbaar)
7. 'n Geboortekennisgewing moet by die Genootskap ingedien word.
8. Dui aan op die geboorte dat dit 'n EMBRIO vul is.
9. Onvolledige dokumente sal nie aanvaar word nie, dokumente MOET onderteken wees deur Veearts waar aangedui.
10. Stuur bogenoemde dokumente sou gou moontlik na die kantoor, al is DNA verslag nog nie ontvang nie.

Briewe oor CEM

CEM terugvoer vanaf Stamboek—30 Oktober 2012
AAN: Alle Perde Telersgenootskappe

Geagte Bestuurders/Rasdirekteure/Sekretarisse

Hiermee gee ons graag terugvoer aan u na die CEM werkswinkel wat ons op 24 Oktober 2011 by Onderstepoort bygewoon het:
Die erns van die siekte is breedvoerig verduidelik en bespreek en niemand het beswaar gemaak teen die feit dat maatreëls ingestel moet word om dit te beheer nie. Daar is ook waardering teenoor die Departement uitgespreek vir hul tydige optrede in hierdie verband.
Daar is egter beswaar gemaak oor die wyse waarop met die bedryf gekonsulteer en gekommunikeer is in dié verband.
Ons het verder met erns die praktiese en logistiese probleme wat telers met toetsing ervaar, veral in verafgeleë gebiede, asook die kostes, bespreek.
Die opdrag van die Registrateur dat Stamboek nie vullens mag registreer wat gebore word uit dekkings na 1 Augustus 2011 as die hings nie negatief vir CEM getoets het nie, is ook indringend in die lig van genoemde praktiese probleme bespreek.
Na 'n deeglike gesprek en simpatie met die situasie is die volgende deur die vergadering aanbeveel:

1. Die bedryf word versoek om hul volle same-werking te gee en alle hingste te laat toets.
2. Weens logistiese en ander praktiese probleme, word aanbeveel dat telers nie hul dekseisoene moet vertraag nie. Gaan voort, en as 'n merrie vul van 'n hings wat nie getoets was voor dekking nie, moet die teler 'n skrywe aan sy/haar Telersgenootskap rig en saam met die geboortekennisgewing instuur. Hierin moet verduidelik word wat sy of haar situasie is en om uitstel van die toetsing gevra word. Elke aansoek sal dan op meriete evalueer word.
3. Die Departement se doel is beslis nie om rigied aan die reëls vas te klou en telers te benadeel nie. Dit gaan oor wedersydse samewerking en daar word simpatiek na die situasie en probleme gekyk, sonder om afbreuk te doen aan die erns van dié siekte.
4 Indien u nie die voorlegging, soos by die werkswinkel aangebied, ontvang het nie, kan u dit by corrie@studbook.co.za aanvra. Ons versoek u om hierdie stuk deeglik deur te werk en onder u lede te versprei.

Vir verdere inligting kan u gerus ingaan op die verwysings op die laaste bladsy (bl. 12) van die voorlegging.

PDF Creator - PDF4Free v3.0 http://www.pdf4free.com

Brief vanaf die genootskap aan die Dept.

RE: CEM SAMPLING AND TESTING

I refer to your letter, dated 26 October 2011 and wish to thank you for the opportunity to make inputs with regard to CEM Sampling and Testing regard:

As have been stated in the meeting of 24 October 2011 we do support the action that was taken by you as Government in such a swift and professional manner in order to prevent this disease from spreading further in our country. As stated in your presentation the purpose of your action is to firstly determine the extent that this disease has spread in our country with a result to manage this and within a 3 to 4 year term eradicate this disease. You have already excluded some potential carriers of the disease by only asking the stud horse industry to participate. The Cape Boerperd represents an extremely low risk population. Our proposal is that you give us an opportunity to have our Stallions tested by the time that the foals from this year breading season is registered not by the time that the mating take place.

Onderstepoort must evaluate the possibility to provide all horse owners a cost effective alternative for the private cost of these tests. Being that the decease can be treated that legislation is changed to provide for the option that all animals will be treated. Being that this is a "Controlled Disease" that Government either provides a service, by taking these swaps (by utilising the State Veterinary Services) OR subsidise the massive costs for our members. The cost of the yearly test for our members would be high, because: The Geographical Spread throughout our country, therefore high travelling costs of the Vet. Our breed is still being farmed with, on an extensive basis. Our Stallions are sometimes not on stable and the cost to do the specific swap will be inflated by medicine to sedate the stallion.

Please advise us on your evaluation of these aspects.

Te Koop / For Sale:

1. For Sale: Indiana Rakker. Top 5 gang ryperd vir ervare ruiter of 3 gang vir kind. R15000 Phone Johan 084 5498916

2. For Sale 2 of the best 5 gaited horses: Annetjie -Gaited mare. Very good childrens horse Indiana Madiba Well know 5-gaited stallion. 2007 SA Champ 5-gaited. Price negotiable. Phone: Lea Bosman 028 840 1872 , 082 478 0958

3. Niphon Vlamme (Vlammie) 3 gaited gelding for child, pleasure or lady 14yrs old. R9000,00. Contact: Dr.Schoeman 079 5039196 stefans1@telkomsa.net

4. Lady Jane. SA Kampioen Siertuig 2011. Ry ook 5 gang. Kontak Schalk Burger

5. Ek maak rypakke @ R1000 en kan materiaal ook kry my no. H:0272172367 of S:0732908467. Marietjie Smit.

4. Bakgat SA champ Fine harness 2009, SA res Champ fine harness 2011. Out of Namaqua. Top Stallion - don't miss out on this one. Contact Gerrit Vermeulen 0827816877



7. Wilridge Bentley Lovely young stallion out of Hystef Antonio. Junior Champion stallion Cradock 2011. Contact William Bullock: 072 3894760

8. Gesoek: Bruin no5 ryboot en no56 hoed vir 'n meisie.
9. 'n Mans rypak vir ongeveer grote 40 (lank) Kontak Ezelle 042 2472296 / 082 5522309
10. 'n No 36 Vroue rypak met hoed en ryboots Kontak Ezelle 042 2472296 / 082 5522309

Klagte en ondersoek:

.Daar is gevrae dat die volgende klagte en gebeurtenis onder die aandag van die lede gebring sal word aangesien dit die President van die genootskap raak. Ezelle Marais wil hiermee ook bevestig dat sy ter eniger tyd sal bedank as president van die genootskap sou die raad dit van haar verwag. Die raad het eenparig besluit tydens die laaste raadsvergadering dat dit nie nodig is dat sy bedank nie aangesien sy niks vir die raad of vir lede prober wegsteek het nie. Hier is die feite:

PDF Creator - PDF4Free v3.0 http://www.pdf4free.com

se ouers met DNS toetse uitgewys word aangesien sy net bewus is van dekkings gedoen deur haar hings Namaqua soos deur mnr.Smalberger versoek. Hy was ook tydens die eerste dekking teenwoordig.. Sy het ook aangebied om vir sodanige toetse te betaal. Mnr. De Klerk het die nodige haarmonsters geneem en dit aan die LNR gestuur. Die toetse het teruggekom en gewys dat Namaqua nie die vaar is nie, waarop Ezelle gevra het dat LNR dan vir Indiana Samorai, moet toets as moontlike vaar. Hierdie toets was positief. Ezelle het die verslae aan die bestuur van die genootskap voorgelê asook haar verklaring oor wat gebeur het.
Toe die vaderskap toetse terugkom het sy gaan soek waar Samorai moontlik by die merrie kon kom en toe uitgevind dat een van die werkers op die plaas vir Samorai een keer by die merrie gesit het nadat Namaqua haar nie wou dek nie en Ezelle nie op die plaas was nie. Die werker het dit nooit aan haar genoem tydens die voorval nie maar dit wel erken toe navraag gedoen is. Die bestuur se aanbeveling was dat Ezelle mnr.Smalberger die dekkings bedrag terugbetaal en die hele saak aan hom verduidelik en 'n verskoning aanbied. Daar moet ook versigtiger opgetree word om sulke gevalle in die toekoms uit te skakel. Die bestuur het ook 'n brief aan mnr Smalberger gestuur met die feite. Die bestuur het gevoel dat dit 'n menslike fout was wat Ezelle nie kon verhelp het nie aangesien sy nie teenwoordig was nie en nie aandadig was nie en nie daarvan geweet het nie. Ezelle het mnr.Smalberger skriftelik om verskoning gevra en ook die geld terug gestuur. Sy het ook 'n gratis dekking by Namaqua aan hom aangebied. Mnr.Smalberger het nie die betaling of die dekking aanvaar nie en dagvaar tans vir Ezelle Marais.

Rekeninge en betalings aan die genootskap en SA Stamboek

We have to hear all the time how long it takes to do work for the members - registrations, transfers etc. Just a few things to PLEASE remember.

1. Stamboek sal geen werk vir 'n lid doen wie se rekening afterstallig is nie. Sorg dus asb dat jou rekening by Stamboek op datum is.
2. Ons kan nie oordragte, of registrasies sonder die oorspronklike sertifikaat van die perd nie. Sorg dat jy die geboortekennisgewing of die sertifikaat instuur saam met jou aansoek vir oordrag of registrasie.
3. Die genootskap betaal jaarliks ledegeld aan SA Stamboek bereken op die getal lede soos op 28 Februarie van 'n jaar. Indien jy bedank sal jy steeds verantwoordelik wees vir jou lidmaatskap rekening vir die jaar.
4. please pay your subs and account as soon as you receive it. We do not like to collect money at shows or other places where we see our members.
5. Baie dankie aan die lede wat so gereeld en op datum betaal. Ons kan nie 'n diens aan die lede lewer as gelde nie betaal word nie. Ons poog regtig om kostes so laag as moontlik te hou.
6. We have included a list of costs in this letter.
7. Ons wil graag posgeld spaar. Gee vir ons jou e-pos adres as jy een het sodat ons per e-pos kan komunikeer om dinge te vergemaklik.
8. Please visit our website and facebook page. Thank you to Phillip Tibsaryne wat die facebook blad op datum hou.

News snippits:





Jaqui Jordaan from PE bought a mare from Colchester stud, She is Colchester lady Luck out of Statesman and Lady Dare. Jaqui took her to her first graded show and did very well, winning both her events with very high scores.. Says Jaqui " She is a wonderful clever mare true to her breed!

Tanya se jong hingsies is baie mooi en belowe om iets spesiaal te wees.

Tanya het 'n plesier rit gereël by hulle op die plaas. 5 Girls rode about 15km up and down very steep mountains. All on ex show horses. Everybody had a great time and the horses performed extremely well in the harsh terrain. Ek sê weer—die Kaapse Boerperd kan alles doen!!!!

PDF Creator - PDF4Free v3.0 http://www.pdf4free.com

Nuus uit die provinsies:

Daar is tydens 'n onlangse komitee vergadering besluit om korrespondente oral in die land aan te wys. Indien jy belangstel om as correspondent op te tree kontak asb die kantoor.

Vrystaat:

Nuus vanaf die Vrystaat is min behalwe dat dit goed gaan met al die Kaapse Boerperde wat gewoonlik aan die skoue deelneem. Die perde het ook 'n goeie rustyd geniet en ons begin hulle nou fiks kry vir skou in 2012. Dit bly 'n probleem om perde in die Vrystaat te skou, tot so 'n mate dat ons besluit het om eerder op skoue in ander provinsies te konsentreer. Ten spyte van die lang afstande bly dit belangrik vir ons om die perde aan goeie kompetisie bloot te stel en te meet. Die voordeel daarvan is dat ons in kontak bly met die Kaapse Boerperd gemeenskap en vriendskappe wat die afgelope jare opgebou is!

Daar moet 'n poging aangewend word om jong ruiters in die Vrystaat aktief betrokke te kry want die kern-groep ruiters is nou student wat nie geredelik beskikbaar is vir skoue nie!

Die Vrystaters sien uit om julle almal te sien by Victoria-Wes skou. Nog nuus is dat Hertzogville Skou 2 & 3 Maart plaasvind en dat hul Hoer en Laerskoolvlak klasse gaan aanbied waarin enige ras mag deelneem. Enige iemand wat navrae het kan Annemarie kontak en dan kan ek program aanstuur.

Natal:

William se perde is nog by Glenda Koen. Dit gaan baie goed en Sally het gegaan vir lesse.

Griekwas:

Victoria Wes skou gaan weer uit sy nate bars. Die jong perde lyk goed. Job is weer gesond.

WP:

Die WP se skoufront is stil maar ons hoop iemand sal weer lus kry om die vuur aan te blaas. Ons is baie bly om te hoor dit gaan beter met Wilbur. Lady Jane van Schalk Burger ry nou 5gang. Ons sien uit daarna om hierdie goeie perd onder die saal te sien.

OP:

In die OP woel en werskaf dit. Quinton en Chantel Luck het nuut aangesluit en maak reg vir die skou-seisoen. Reagan Makwena het 'n lekker klomp jong perde wat hy afrig en die eienaars kan nie wag vir die skouring nie. Daar is hierdie naweek 'n perde werkswinkel gehou op Addo by Irene v d Westhuizen se stalle. Ons het almal baie geleer en weer "ou" goedtjies onthou.

Northern Provinces:

Thank you to Bro Douglas Robinson of Polokwane who has offered to be a boardmember and representative for the Northen provinces. Please feel free to contact him. douglas.rbrtsn@gmail.com. Ons wil ook prober om skouklasse vir die Kaapse Boerperde in daardie areas aan te bied in 2012.

Studente, matrieks ens

Well done to our matrix of 2011 and the other students and scholars that did so well. A lot of our regular riders have now left school. Hopefully we will see some more new faces in 2012.

WELKOM:

Welkom aan al ons nuwe lede. Mag julle gelukkig wees in die Kaapse Boerperd familie.

Inspeksies:

We would like to plan the year. As jy perde het wat geinspekteur moet word—kontak asb vir Tania so gou moontlik sodat daar inspeksies gereël kan word. Please remember that horses must be 3 years old and halter trained to be inspected. Hulle moet ook in goeie kondisie wees. Daar sal in die toekoms 'n foto van die perd geneem word tydens inspeksie wat dan op die perd se sertifikaat aangebring sal word.

Nuwe en baie lang skoujaar en bestuursjaar.

Tydens die AGM is besluit om die SA Kampioenskappe na Cradock te verskuif. Cradock bly steeds die skou met die meeste Kaapse Boerperde en dit maak dus sin om ons SA Kampioenskappe daar aan te bied. Die verskuiwing het tot gevolg dat daar 18 maande sal verloop voordat ons weer 'n SA Kampioen-skap aanbied asook weer AGM hou. The next SA Championships will be held from 26-28 October 2012 at Cradock. Bespreek asb vroegtydig stalle by Ezelle 042 2472296.

Lede en Bestuur:

Die bestuur voel dat die lede nie genoeg interaksie met die bestuur het nie. Lede moet asb sê wat hulle gedoen wil hê. What do you expect from the office and the board members? Please contact us and talk to us.

Reëls:

Lede moet asb onthou om reels na te kom. Lees weer 'n slag deur jou reëlboek. Onthou dat 'n peits ver-pligtend is vir Siertuig en enkeltuig klasse. Jou tuig se stringe mag nie om die disselbome gedraai wees

PDF Creator - PDF4Free v3.0 http://www.pdf4free.com

nie. Jou sitplek moet ‘n kussing op hê. ‘n Mat is opsioneel. Sorg dat jou toom en saal en tuig behoorlik pas.

Klagtes, Tugstappe en openbare forums:

Daar is sekere prosedures wat gevolg moet word om klagtes te lê. Die bestuur wil lede nie ontmoedig om te kla nie maar dit moet op die regte manier gedoen word. ‘n Skriftelike klagte met al die nodige feite moet aan die kantoor gestuur word of aan een van die bestuurs lede. R100 is ook betaalbaar met die indiening van die klagte. Die bestuur sal dan die klagte ondersoek en die probleem oplos.
Die bestuur wil verder ‘n beroep doen op lede om nie openbare forums soos Mixit en Twitter en Facebook te gebruik om mede lede “by te kom” of mekaar sleg te sê nie. Dit is baie afbrekend vir die hele ras en al sy lede en stel die hele genootskap in ‘n baie slegte lig. Die bestuur wil lede ook aanraai om doodseker te maak van feite voordat beskuldigings en stories versprei word. Ons wil nie ons ras se goeie naam deur onbenulligheide geskaad hê nie.

Skoue en skou datums

Ons wil graag meer georganiseerde BP skoue aanbied. Stuur vir my skougenootskappe in u area se kontak besonderhede om dit te reel. Kyk ook gereeld op die website vir opgraderings en nuwe kennisgewings.
Skoudatums 2012 wat ons ontvang het.

eaufort Wes	22-24 Maart 2012	Klubskou
Carnavon skou	1-3 maart 2012	
Cradock	26-28 Okt 2012	SA Kampioenskappe
Fraserburg	17-18 Feb 2012	Klubskou
George	16-18Aug 2012	Klubskou
Hofmeyr	22-24 Maart 2012	Klubskou
Loeriesfontein	19-20 Okt 2012	
Malmesbury Skou	20-22 Sep 2012	
Middelburg KP	8-10 Maartt 2012	
Moreesburg Skou	6-8 Sep 2012	
Niewoudtville	12-13 Okt 2012	
Piketberg	01 September 2012	
Porterville	23-25 Aug 2012	
Prins Albert	8-10 Oktober	
Riversdal	19-21 Februarie	
Robertson	3-6 Okt 2012	
Somerset Oos	7-8 Sep 2012	Klubskou
Swellendam	25-26 Februarie	
Tarkastad	16-18 Feb 2012	
Tulbach	26-29 Sep 2012	
Uniondale	5-6 Okt 2012	Klubskou
Victoria Wes	9-11 feb 2012	Streekskou
Williston	23-25 Feb 2012	Klubskou
Worcester	25-28 Jan 2012	Klubskou

Ons hoor graag van u en u perde. Stuur vir ons fotos en stories! We would like to hear from all our members.

Kaapse Boerperd groete
Ezelle Marais

PDF Creator - PDF4Free v3.0 http://www.pdf4free.com

Kaapse Boerperd Betalings /Cape Boerperd Payments 2011/2012

Datum Date	Waarvoor For	Aan Wie To	Bedrag Amount	Wie moet dit betaal Who must pay this	
Aansluiting Become a member	Aansluitingsfooi Fee to Join society	Kaapse Boerperdtelers P.O. Box 55 Cookhouse 5820	R 950	Alle nuwe lede met hingste en merries All new members with stallions and mares	**This fee includes the following:** Rulebook/Journal SA Studbook membership Cape Boerperd membership
Aansluiting Become a member	Aansluitingsfooi Fee to Join society	Kaapse Boerperdtelers P.O. Box 55 Cookhouse 5820	R 480.00	All nuwe lede met **slegs reuns** All new members with **only geldings**	**This fee includes the following:** Rulebook/Journal Cape Boerperd membership
Aansluiting Become a member	Subs	SABAU P.O. Box 55, Cookhouse 5820	R135 Adult R115 Child R50 Development	Alle nuwe amateur lede All new amateur members	**This fee includes the following:** Subs aan SABAU en jou Provinsie SABAU and Provincial subs
Aansluiting Become a member	Subs	KBJP / CBYP P.O. Box 55 Cookhouse 5820	R 35	Alle jeugprogram lede All members of Youth Program	**This fee includes:** Annual subs
Voor 15 Feb jaarliks Before 15 Feb annually	Subs	Kaapse Boerperdtelers P.O. Box 55 Cookhouse 5820	R200,00	Alle eienaars van Kaapse Boerperde All owners of Cape Boerperd	Annual subs
Voor 15 Feb jaarliks Before 15 Feb annually	Affiliasiefooi Affliationfee	Kaapse Boerperdtelers P.O. Box 55 Cookhouse 5820	R2 per perd R2 per horse	Eienaar Owner	Jaarlikse perd affliasiefooi Annual horse affiliation fee
Voor 15 Feb jaarliks Before 15 Feb annually	Subs	SABAU P.O. Box 598, Groot Brakrivier 6525	R135 Adult R115 Child R50 Development	Alle amateur lede All amateur members	Annual subs
Voor 15 Feb jaarliks Before 15 Feb annually	Subs	KBJP / CBYP P.O. Box 55 Cookhouse 5820	R 35	Alle jeugprogram lede All members of Youth Program	Annual subs
Voor 1 April jaarliks Before 1 April	Deposito Inspeksies Inspection deposit	Kaapse Boerperdtelers P.O. Box 55 Cookhouse 5820	R100 per perd R100 per horse	Aansoeker Applicant	Terugbetaalbare Deposito betaalbaar by aansoek om perd te laat inspekteur Refundable Inspection deposit to book inspection
Tydens inspeksie At inspection	Inspeksiefooi Inspectionfee	Kaapse Boerperdtelers P.O. Box 55 Cookhouse 5820	R150 per vulboek perd R200 per fondasie perd	Eienaar Owner	Deposit word van hierdie inspeksie bedrag afgetrek Deposit is dedeucted from this inspection amount.
Tydens inspeksie At inspection	Haarmonster Hair sample	Kaapse Boerperdtelers P.O. Box 55 Cookhouse 5820	R25 per perd R25 per horse	Eienaar Owner	Haarmonsters van hingste en merries Hair samples of all stallions and mares
Vul registrasie Registration of foal	Vul registrasie Registration of foal	Kaapse Boerperdtelers P.O. Box 55 Cookhouse 5820	R40 per vul R40 per foal	Eienaar Owner	Vul registrasie Foal registrationfee
Oordrag Transfer	Oordrag Transfer	Kaapse Boerperdtelers P.O. Box 55 Cookhouse 5820	R 75	Nuwe Eienaar New Owner	Oordrag van perd in jou naam Transfer of horse to new owner
By Bestelling On order	Reëlboek Rulebook	Kaapse Boerperdtelers P.O. Box 55 Cookhouse 5820	R 100		
By Bestelling On order	Vulboek Foalbook	Kaapse Boerperdtelers P.O. Box 55 Cookhouse 5820	R 80		
By navraag On request	DNA sample	Kaapse Boerperdtelers P.O. Box 55 Cookhouse 5820	R235 per perd R235 per horse	Eienaar Owner	DNA profiel van jou perd word gedoen DNA profile of horse
Herinstelling van idmaatskap		Kaapse Boerperdtelers P.O. Box 55 Cookhouse 5820	R350.00	Eienaar Owner	Indien 'n "ou" lid of iemand wie se lidmaatskap verval het weer wil aansluit.
Leeftyds registrasie	Met volwasse registrasie van perd	Kaapse Boerperdtelers P.O. Box 55 Cookhouse 5821	R150.00	Eienaar Owner	Na inspeksie

PDF Creator - PDF4Free v3.0 http://www.pdf4free.com